**Maandag 1 Mei**
**Skrifgedeelte: Genesis 1:24-31**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:24-31**
**Uit Hom, deur Hom en tot Hom is die huwelik**

Dit is duiselingwekkend! Die almagtige God wat met glans en luister beklee is en Homself met lig omhul, roep die hele skepping tot sy bestaan om een enkele rede: om Hom te dien, te vereer en te verheerlik. En dan kies die Drie-enige God om mense na sy beeld te maak om oor die skepping te heers. Die mens moet só heers dat die hele skepping aan die doel kan beantwoord: om God te verheerlik.

God maak die mens as man en vrou. Hy het ’n heilige doel daarmee – sy eer. In die kultuuropdrag kry die eerste mensepaar (en kry die menslike geslag!) die opdrag om vrugbaar te wees. Om te vermeerder. Om die aarde te vul. Om dit te onderwerp. Alles nog steeds tot God se eer. Waar hiérdie Goddelike verordening van God, dat die huwelik bestaan uit een man en een vrou wat God saamgebind het, versteur word, word Hy ook nie geëer nie.

Wanneer God die mens as man en vrou maak en die opdrag gee om vrugbaar te wees en te vermeerder, dan gaan dit ook oor sy eer. Die Here het immers man en vrou een gemaak, een in liggaam en in gees omdat Hy wil hê dat daar ’n nageslag moet wees *wat Hom eer* (Mal. 2:15).

As egpare en gesinne kan en moet ons heelhartig daarop toelê om in ons huwelik ons roeping en dagtaak só uit te leef dat ons huwelik, ons gesinslewe in diens staan van die eer en die verheerliking van God. Dit is immers Hy wat sorg (vs 29). Omdat God vir sy skepping sorg, kan sy skepping die een enkele taak verrig waartoe dit geskep is: om Hom te verheerlik. Selfs ná die sondeval en die gebrokenheid wat deur die sonde in sy skepping gekom het, sorg Hy nog steeds in Christus, die Skeppings- én Herskeppingsmiddelaar, en die Heilige Gees wat lewend maak en ons aan die lewende Christus verbind.

Man, vrou – maak dit julle strewe vandag sáám om God te verheerlik in julle huwelik en huisgesin onder sy troue sorg. Staan nou van jou knieë af op en gaan leef met ywer jou kultuuropdrag uit: gaan bewerk en bewaar as man en vrou skouer-aan-skouer sodat God se lof in altyd wyer kringe verkondig mag word.

*Sing: Psalm 104-1:1, 2, 17, 18 / Skrifberyming 2-5 (35):3*
*Ds. JC van Dyk (Jannes) (Potchefstroom)*